Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 21 Februarie 1951 Prys 3d. No. 12

## Wysiging Van Wet

Die minister van Justisie, mnr. C. R. Swart het verlede week 'n wetsontwerp ingedien ter wysiging van die wet op onderdrukking van kommunisme. Voorsiening word gemaak daarvoor dat die minister 'n kommunistiese parlementslid kan ontsetel indien 'n gekose komitee bevind dat hy 'n kommunis is of was.

## BRITSE KONNEKSIE — SNY DIT DEUR!

**„Persoonlike kontakte, die kroon, die stelsel van parlementêre demokrasie wat die mag in hande van 'n eerste minister konsentreer wat self nie staatshoof is nie; en die Statebondsmasjinerie om menings en inligting uit te ruil — die dinge hou die Statebond bymekaar," het die Britse minister van statebondsbetrekkinge, Patrick-Gordon-Walker, verlede week in 'n uitsaaipraatjie gesê.**

Nou dat die volk uit die mond van die Britse minister self verneem het wat presies die Britse konneksies, kan daar miskien met groter nut gekonsentreer word op die deurhakking van hierdie bande.

Wat die eerste een betref, nl. „persoonlike kontak," skyn dit of die kongresgangers van die H.N.P. 'n jaar of tien gelede op taamlik vaste grond gestaan het toe hulle 'n besluit geneem het dat geen nasionale eerste minister ooit na Londen mag gaan nie. Net jammer die besluit is nie uitgevoer nie!

# BRITTE GEE ‚VRYHEID' MET SLAG OM DIE HAND

**Die Cape Times van 14 Februarie gee in 'n hoofartikel so 'n klein kykie in die Britse metode om deur middel van sy partypolitieke stelsel onderhorige volke magteloos te hou ten spyte van „selfregering" wat aan hulle toegeken is.**

**„Die nuwe konstitusie waaronder die verkiesings (in die Goudkus) gehou is, bevat waarskynlik die mees vindingryke formule wat nog ooit geskep is om te verseker dat geen party 'n oorheersende meerderheid in die nuwe wetgewende liggaam sou hê nie. Hierdie poging is na sy grootjie as gevolg van intensiewe, bedrewe propaganda en volksopruiery," verklaar die blad.**

**Wat hier gesê word, is 'n bewys dat konstitusionele toegewings van Brittanje nie sonder 'n slag om die hand gedoen word nie. In die geval van die Goudkus is hierdie slag om die hand verseker deur 'n fyn uitgewerkte grondwet wat moes sorg dat geen enkele party sterk genoeg uit die verkiesing sou tree om 'n uitdagende beleid toe te pas nie.**

Daar kan aangeneem word dat die gebruikmaking in die verkiesing van simbole wat ooreenstem met die godsdienstige en stam-simbole van die naturelle, bedoel was om die ongeletterde kiesers in stemkrale te lei wat 'n resultaat van ewewig teweeg moes bring.

### VOLK VERDEEL

**Belangrikste van alles is egter dat die middel in die Britse hand om die onderhorige volke tot onmag te verdeel, die Britse partystelsel is. Die volk word dadelik van sy eenheid beroof deur die konstitusie te skoei op die Britse lees wat minstens twee opponerende partye vereis. Daar sal dan altyd 'n party (of deel van die volk) wees wat die regerende party beteuel tot Britse diens. Dit is deels ook daarom dat die Britse minister van statebondsbetrekkinge kan verklaar dat die Britse parlementêre stelsel een van die belangrikste Empire-bande is.**

### PARTYSTELSEL 'N VEREISTE

**In die geval van Suid-Afrika 's die Britse partystelsel as 'n voorvereiste genoem toe selfbestuur ná die Tweede Vryheidsoorlog aan die onderworpe Boere toegeken is.**

In die voorwoord van die wet waarmee die grondwet van Transvaal in 1906 geproklameer is, word uiteengesit wat onder selfbestuur verstaan word. Dit lui:

„Volledige selfbestuur, soos dit in die Verenigde Koninkryk en die selfregerende kolonies verstaan word, **veronderstel en bring mee partyregering in die praktyk . . .**

„Dit wil nie sê dat 'n stelsel van partyregering dadelik heilsaam sal wees vir 'n land soos Transvaal wat deur twee verskillende volke bewoon word nie . . . **Daar moenie vergeet word nie dat 'n stelsel van partyregering 'n nuwigheid sal wees vir die inwoners van Hollandse afkoms in Transvaal, wie se staatstelsel aansienlik verskil het van die stelsel wat in die Britse koloniale geskiedenis bekend is as verantwoordelike bestuur, waaraan 'n regering deur partye onafskeidelik verbonde is."**

### PARTY GESTIG

Die Boere was indertyd verplig om hierdie Britse geskenk met die slag om die hand in dankbaarheid te aanvaar, net soos die baar naturelle van die Goudkus dit tans aanvaar al keur hulle die grondwet nie ten volle goed nie. Ewe gedwee moes partye deur die Boere gestig word, en manne wat nog nooit in hul lewe met partypolitiek iets te doen gehad het nie, het 'n party gestig waarmee gehoop is om die verlore regte te herwin. **Hoe hulle gevaar het in hul voorneme kan vasgestel word uit die feit dat die Unie na byna 'n halwe eeu van republikeinse propaganda nog net so vasgeweef sit binne die Empire as in 1905 — al is die slag om die hand van tyd tot tyd vervang deur 'n ander — en beter een, soos afgelei kan word van die feit dat die leier van 'n party met 'n republikeinse artikel in sy konstitusie voorverlede jaar by sy terugkoms uit Londen verklaar het:**

### BYEEN OP EMPIRE-BASIS

„Op een punt voel ons nou eens en staan ons bymekaar en dit is dat ons **graag by die Statebond onder enige omstandighede wil bly,** om redes wat ek genoem het."

**Die tragedie is natuurlik dat ons „eens voel" met diegene wat nog altyd in die verlede binne die Empire wou bly en vandag nog daar wil bly.**

Dit is merkwaardig dat dr. Malan skerpsinnig genoeg was om te besef dat hierdie oorgawe juis voortvloei uit die Britse slenter om „bande losser te maak." Hy het naamlik in dieselfde toespraak gesê:

### BESLAG OP GEES

**„As die bande wat bind losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, as dit nodig geword het om bande losser te maak, dan het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees."**

In die Goudkus is nou „die bande losser gemaak". Dit skyn of op die gees reeds klaar beslag gelê is. **Maar die moontlikheid bestaan tog dat die naturelle van die Weskus van Afrika minder gevang sal wees as die Afrikaners van die Suidkus — daaroor immers skyn die Cape Times besorg te wees.**

**Ook die republikeine van die Ossewabrandwag is daaroor besorg.**

## Partyleier Met Voete Vol Bloed

**Die ongeletterde demokrate van Brittanje se Goudkus het verlede week hul oorwinning gevier toe die leier van die oorwinnende party uit die tronk gelaat is. Die vrylating is gevolg deur 'n plegtige seremonie waarby 'n swart skaap op die voete van die leier, dr. Nkrumah, geslag is sodat die bloed oor sy voete gevloei het. Daardeur is hy gereinig van die tronksmet en is die „ou gode" tevrede gestel. In die geval van die ander vrygelates uit die tronk is die gode behaag met bloedsmere oor hul voorkoppe.**

## Britse Teruggee-Taktiek Slaag In Goudkus

**In die O.B. is al meermale gewys op die Britse taktiek om „beslag te lê op die gees" deur die teruggawe of skyn-teruggawe van geskonde regte. Die geleidelike skenking van steeds groter „vryhede" aan die onderworpe volke was een van die belangrikste bydrae tot hegmaking van die Empire, sodat die Britse Statebond vandag, ook volgens erkenning van dr. Malan, 'n „lewende organisme" is wat hoofsaaklik saamgebind word deur geestelike bande. 'n Voorbeeld van hoe hierdie soort sielkunde werk, word gevind in die Goudkus waar die Britte die welwillendheid van die uiterste anti-Britse party gewen het deur middel van een enkele gebaar van grootmoedigheid.**

Die leier van die Convention People's Party, ene dr. Kwame Nkrumah, het in die tronk gesit weens sedisie onderwyl sy party die meerderheid by die stembus behaal het. Verlede week het die Britse goewerneur hom onverwags uit die tronk gelaat saam met ses ander leiers van die party. **Die Engelse pers berig dat hierdie gebaar „'n geweldige golf van welwillendheid jeens Brittanje" dwarsdeur die Goudkus opgeklop het en dat die goewerneur oornag die mees gewilde man in die hele gebied geword het.**

### SAL NOU VEG VIR ENGELAND

**„Deur hierdie enkele pennestreep het die goewerneur, ondersteun deur die minister van kolonies en die Britse regering, tienduisende bewonderaars hier gewen," lui 'n verklaring van een van die nuwe raadslede.**

'n Engelse koerantman berig:

„Honderde mense wat aangedring het om met my en ander persmanne hande te skud, het herhaaldelik gesê: ‚Brittanje het getoon dat hy ons baie goeie vriend is, en ons is ook goeie vriende van Brittanje. Sê dit asseblief aan hulle.' **Daar was uitroepe van ‚Hoor, Hoor' toe iemand uitgeroep het: ‚Vir hierdie daad sal ons vir en saam met Brittanje veg net wanneer hy ons nodig het'."**

### HEELWAT MAKKER

Dat Nkrumah self hom nie onbetuig teenoor die weldaad gelaat het nie, blyk uit sy besluit om nou die nuwe grondwet, wat hy voorheen veroordeel het, „'n geleentheid te gee." **Nog meer, Nkrumah het die versekering aan 'n persman gegee dat sy party van voorneme is om binne die Empire te bly. „Ons dink nie eens aan 'n republiek nie," het hy beklemtoon.**

Of die Britse diplomasie op die lange duur die botoon sal vier teen Josef Stalin se ondergrawingsvermoë sal in die toekoms nog moet blyk, maar vir die wegspring het hierdie „teruggawe van geskonde regte" volslae sukses behaal selfs in die geval van 'n politieke opruier wat van kommunistiese neigings beskuldig word.

## Mag Mnr. Kahn Nie Kommunis Noem Nie

**Mnr. Sam Kahn het verlede week vir die eerstemaal — sover ons weet — in die parlement beswaar gemaak teen 'n spreker se verwysing na hom as 'n kommunis.**

Die minister van arbeid, mnr. B. J. Schoeman, het in verband met mnr. Kahn se toespraak oor naturelle in die boubedryf gesê dat die raad „na die gewone kommunistiese opswepery" geluister het.

Mnr. Kahn: „Mnr. Speaker, is dit met die oog op die Wet op Onderdrukking van Kommunisme parlementêr om enige lid te beskryf as 'n kommunis?"

**Die adjunk-speaker het gereël dat die minister die woorde moet terugtrek.**

**Mnr. Schoeman: „As mnr. Kahn nie as 'n kommunis bekend wil wees nie, sal ek terugtrek."**

**Dr. Van Nierop: „Sedert wanneer is hy nie meer 'n kommunis nie?"**

DIE O.B., WOENSDAG, 21 FEBRUARIE 1951

# SOEK 'N METODE

**„Ons moet die een of ander metode vind waarvolgens die vrye wêreld en die totalitêre wêreld saam kan lewe."** Hierdie betekenisvolle woorde is verlede week deur die Britse eerste minister, Clement Attlee, uitgespreek in 'n toespraak in die laerhuis oor buitelandse beleid. Attlee het dit gehad oor kommunistiese Sjina van wie hy gesê het: **„Brittanje het geen twyfel oor Sjina se agressie nie."** Maar hy het daaraan toegevoeg dat geen sanksies toegepas moet word tensy alle hoop op 'n vreedsame skikking verdwyn het nie, en hy het verder die hoop uitgespreek dat Sjina „uiteindelik toegelaat sal word tot die V.V.O."

Vir die agtergeblewenes van die miljoene wat in die vorige oorlog die lewe ingeskiet het vir die Britse beleid om diktature te vernietig en die wêreld te demokratiseer sou die woorde van die heer Attlee 'n baie siniese klank bevat het, was dit nie dat die openbare oordeelsvermoë reeds so afgestomp is deur die volgehoue politieke oneerlikheid van kolossale omvang waarvan ons in die afgelope tien jaar getuie was nie. Aan die volke van die Weste is tydens die oorlog gesê dat alle opofferings geskied vir die bevryding van die wêreld van diktators en die beveiliging van die Weste teen die agressie van diktature. In sy oorwinningsboodskap het Winston Churchill met groot genoegdoening verwys na die verwesenliking van hierdie oorlogsideaal in Duitsland en Italië. Vir totalitêre state was daar geen plek binne die „vrye wêreld" nie — vir Rusland wel, want Rusland het gedurende die oorlog tot demokratiese — en selfs Christelike — bekering gekom, en sy samestellende dele het selfs in die Britse pers die verhoogde status van „dominiums" ontvang.

**VYFDE GROTE**

Maar toe kom diktator Mao Tse-toeng op die toneel. Hy verdryf een van die „Vyf Grotes" — Tsjiang Kaisjek — uit die land en stig 'n kommunistiese diktatuur. Aanvanklik het Britse wensdenkery geweier om te glo dat Asië 'n paar jaar na die bloedige oorlog 'n nuwe diktatuur in die plek van Japan gekry het. „Dit is maar 'n landelike hervorming," het die Britse troos gelui, en sonder veel navraag het Londen gelukwensinge aan Peking oorhandig met die uitruiling van diplomate. Maar Mao Tse-toeng was geen landelike hervormer nie. Hy was ook nie tevrede met die uitdrywing van die „vyfde wêreldgrote" nie. **Sy troepe het reeds toegeslaan op die onbeskermde Tibet en hulle dreig teen Agter-Indië. Sy lëers het toegeslaan teen die V.V.O. se magte in Korea, en met dit alles tot sy kennis kon Attlee nouliks anders as om volmondig te erken dat Sjina agressie gepleeg het en dat Sjina 'n totalitêre staat is — presies elke vergryp waarvan Duitsland beskuldig was en waarom hy vernietig moes word.**

Maar Attlee is nie meer bereid om die wêreld teen agressie te beveilig of van diktature te bevry nie. Hy wil graag 'n metode vind waarvolgens die vrye wêreld en die totalitêre wêreld saam kan lewe. **Sou die wêreld nie baie leed en armoede gespaar gebly het indien hierdie Britse skikklikheid die hoeksteen van Britse beleid in 1939 gevorm het nie?** 'n Adolf Hitler, wie se buitelandse beleid, volgens sy verklaarde oogmerke, geen groter aspirasies as die herstel van Versailles beliggaam het nie, het tog immers nie verder van Attlee af gestaan nie as rooi diktator Mao Tse-toeng wie se troepe reeds posisie ingeneem het op die „dak van die wêreld", of as Josef Stalin wie se **VERKLAARDE beleid nog altyd was en is die „wêreldrevolusie" vir die stigting van die „diktatuur van die proletariaat."**

# Vryheid

Die stryd om vryheid in ons land duur al 'n anderhalf eeu, maar dit beteken nog nie dat alles tevergeefs was nie. Inteendeel, daar is ontsaglik ver gevorder. Die eerste republikeinse bedrywigheid was beperk tot 'n paar distrikte in Kaapland. Ná die groot republikeinse uittog in die vorm van die Groot Trek, het dit gelyk of Kaapland vir die vryheidstryd verlore is. Trouens, dit was nouliks 'n kwarteeu gelede dat die Kaaplandse leier van die Nasionale Party na die noorde toe laat weet het dat „Kaapland nooit vir 'n republiek te vinde sal wees nie." Hoe verkeerd hierdie voorspelling was, blyk daaruit dat die Afrikaners van hierdie provinsie in 1939 en 1940 byna soos een man na die Ossewabrandwag gestroom het.

In die noordelike provinsies was die oorgrote meerderheid Afrikaners uit die aard van hul geskiedenis republikeins, hoewel die partypolitiek 'n sware slag onder hulle van tyd tot tyd geslaan het wanneer partytrou die oorhand gekry het. Gelukkig dat die partypolitieke leiers van die nasionale Afrikanerdom daar vandag nog vaskleef aan die republikeinse ideaal en ons daar feitlik 'n soliede republikeinse blok het. **Maar die gevaar word steeds sterker dat onder invloed van sekere nasionale politici die Afrikanerdom stap vir stap teruggevoer word na aanvaarding van die Britse imperialisme in sy moderne vorm. Die gemeenskaplike stryd met Brittanje teen die kommunisme maak hierdie**

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van voorg. kol.)

**teruggang soveel makliker. Maar juis daarom is dit die plig van elke ware republikein om met alle middele die republikeinse lyn van ons geskiedenis verder te trek.**

So 'n geleentheid word ons weer gebied op 27 Februarie. Laat ons dus die vlam hoog blaas vir daardie dag.

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Goewerneur-Generaal se Tuinparty*

'n Paar dae gelede het 'n leser, wat liefs onbekend wil bly, die volgende vraag aan my gerig: Is dit betaamlik vir 'n republikeinse Afrikaner wat lid is van die Ossewabrandwag om 'n uitnodiging na die Goewerneur-Generaal se tuinparty te aanvaar? Dit is 'n reguit vraag wat 'n reguit antwoord verdien; en my antwoord is: Dit is nie betaamlik nie.

Suid-Afrika het deur verowering onder die heerskappy van die Britse vorstehuis gekom. Vandag is Suid-Afrika 'n koningryk met die koning van Brittanje ook koning van Suid-Afrika. Maar Suid-Afrika se koning verkies om in Engeland te woon. Sy Majesteit word derhalwe in Suid-Afrika deur 'n aangewese Goewerneur-Generaal verteenwoordig. Hierdie Goewerneur-Generaal tree op in Suid-Afrika vir en namens Sy Majesteit, die Koning. Hy open die parlement vir en namens die koning wanneer hy die troonrede voorlees. Hy teken die wette wat die parlement maak vir en namens die koning. En les bes — hy hou ook tuinpartye vir en namens die koning.

'n Paar jaar gelede het Sy Majesteit, die Koning, sy Suid-Afrikaanse Koninkryk besoek. Hy is deur die Suid-Afrikaanse monargiste geesdriftig verwelkom op al die plekke waar hy aangedoen het. Maar die Suid-Afrikaanse republikeine (lede van die Ossewabrandwag) het nie aan die verwelkoming meegedoen nie. Trouens op 'n Bolandse dorp is 'n generaal van die O.B. tydelik geskors omdat hy, soos beweer is, vir hom soos 'n monargis sou gedra het en die koning sou verwelkom het. Die hoofoffisiere wat die skorsing gelas het was oënskynlik onder die indruk dat sy gedrag onbetaamlik was vir 'n republikein.

In Suid-Afrika is daar drie soorte mense; eerstens, die monargiste of koningsgesindes; tweedens, diegene wat ook maar monargiste of koningsgesindes is; en derdens, die republikeine. Lede van die O.B. behoort aan die derde groep.

### *Beslaglegging op die Gees*

Ek weet nie of die Britse propaganda die oulikste in die wêreld is nie, maar dat die Britse propaganda oulik is, ly geen twyfel nie. Een van die kenmerke van die Britse propaganda is die onopsigtelikheid daarvan. Die slagoffer van die propaganda is gewoonlik salig onbewus van die feit dat hy propagandisties „bewerk" word. As hy hom maar kom kry is hy klaar verbrits. En so hou die Britte hulle Empire aanmekaar.

Toe die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, voorverlede jaar uit Londen teruggekeer het, het hy die Britse vernuf „om beslag te lê op die gees" geroem. Hy het gesê dat namate die Britte enersyds die formele bande wat die Britse Statebond aanmekaar bind losser maak hulle dit andersyds „regkry om beslag te lê op die gees." Dit beteken dat die Britte hulle Statebond sodanig geestelik verbrits en derhalwe verééن dat die formele bande wat dit vroeër aanmekaar gehou het een na die ander losgemaak kan word.

Die gevolge van hierdie beslaglegging op die gees is ontsettend. As die Britte daarin slaag om beslag te lê op my Afrikaner en republikeinsegees, dan maak hulle van my 'n kunsmatige Brit. En dit wil ek in hemelsnaam tog nie wees nie.

Hierdie Britse beslaglegging op die Afrikanergees is 'n proses wat jarelank al aan die gang is. Die Afrikanervolk ken dit baie goed. In die volksmond heet dit: As 'n nasionale leier eers eenmaal saam met die koning geëet het, is hy verlore vir die republikeinse stryd.

Dit alles beteken dat dit onbetaamlik is vir 'n republikein om die Britte toe te laat om beslag te lê op sy gees.

### *Simboliek van die „Vervelling"*

Maar hoe lê die Britte dan beslag op die Afrikaner se gees? Ek wil dit probeer verduidelik aan die hand van 'n alledaagse voorbeeld. As ek 'n boer is wat 'n seun het wat nie 'n groot liefde vir boerdery openbaar nie, maar van wie ek graag 'n boer wil maak, hoe sal ek maak om my seun te „verboers"? Ek sal vir hom 'n perd gee en 'n saal en 'n toom wat sy eie is. Ek sal vir hom 'n paar beeste gee en 'n klompie skape. Hulle kalwers en lammers sal sy eie wees. Ek sal hom toelaat om self sy beeste en skape te verkoop en om met die geld te maak soos hy wil. Met ander woorde, ek sal vir hom 'n eiebelang gee in die boerdery en hy sal lateraan soveel landerye en vee besit dat hy 'n boer is sonder dat ek hom moet dwing om 'n boer te wees.

So maak die Britte ook.

Hulle gee aan die Afrikaners 'n „nasionale" politieke party, wat òf Sy Majesteit se regering òf Sy Majesteit se opposisie kan wees. Afrikaners wat onder normale omstandighede Republikeine sou wees kry 'n eiebelang in die bestuur van Sy Majesteit se Suid-Afrikaanse koninkryk. Een van hulle word selfs die verteenwoordiger van Sy Majesteit in Suid-Afrika. Hulle belange en aspirasies en Britse belange en aspirasies word ineengevleg totdat hulle uiteindelik in die praktyk Britte en monargiste word wat republikanisme verloën en wat die Britse konneksie en koningskap vir ewig wil handhaaf.

Simbolies van die beslaglegging op sy gees is die geleidelike „vervelling" van die Afrikaner. In die oorlogsjare toe ons almal republikeine was, het ons leiers fluweelpakke gedra en hul vrouens voortrekkerrokke en rondom die Ossewaens vergader. Teenswoordig dra ons leiers Britse streepbroeke en manelle en pluiskeile en gaan hulle na die deftige tuinparty van Sy Majesteit se verteenwoordiger in Suid-Afrika.

Ek dink dit is meer betaamlik vir republikeine om Vryheidsdag te vier as om hul opwagting in streepbroeke op die Goewerneur-generaal se tuinparty te maak.

### *Verering vir Hitler*

Een van my lesers, mnr. D. B. Retief, van Harrismith, kla by die redakteur omdat ek 'n groot verering vir Hitler sou hê. Hy skryf soos volg:

„Ek vind u blad 'n interessante blaadjie — veral omdat dit nie partypolitieke propaganda bevat nie, maar met die ophemeling van Nazi-Duitsland kan ek nie saamgaan nie.

„Ek dink nou veral aan Sybrand se artikel van die 24ste Januarie.

„Dit kom voor asof Sybrand 'n groot verering vir Hitler het.

„Ek wil u graag verwys na die onlangse verskene biografie oor wyle Veldmaarskalk Rommel. Dit is 'n onbevooroordeelde werk wat slegs Rommel se lewensgeskiedenis weergee. Die skrywer het sy inligting direk ontvang van mev. Rommel, sy jarelange luitenant en ander hooggeplaastes.

„Op bl. 228 lees ek waar Rommel aan Admiraal Ruge sê:

„ 'The man (dit is Hitler) is a devil incarnate, but why try to make a hero and a martyr of him? He should have been arrested by the army and brought to trial. The Hitler legend will never be destroyed until the German people know the whole truth.'

„Baie ander hooggeplaastes o.a. Veldmaarskalk Von Rundstedt, Genls. Speidel, Bayerlein, Von Ravenstein, Von Stülpnagel, veldmaarskalk Von Kluge en Genl. Cramer, het net soos Rommel gedink en gevoel en besef dat Hitler die Duitse Volk na ondergang lei.

„Ook voel ek dat die Neurenberg-verhoor heeltemal geregverdig is as mens dink aan die vele onmenslikhede wat deur Hitler en sy trawante toegelaat is teenoor gevangenes in kampe en ook teen die Jode. Terloops Rommel het dit ten sterkste afgekeur en ook 'n diepe veragting gehad vir die S.S.-polisie.

„Dankie vir die geduld om my brief te lees. Ek sal graag u mening en ook Sybrand s'n, hieromtrent wil verneem."

My leser is reg. Ek het 'n groot verering vir Hitler. Hitler was 'n groot man. Dit ly geen twyfel nie. Dit beteken egter nie dat ek glo dat Hitler geen foute gemaak het nie. Ek glo dat Hitler wel foute gemaak het. Maar ten spyte van sy foute is Hitler nog 'n groot man. En dit is sy grootheid wat ek eer — nie sy foute nie.

### *Hy was 'n Baanbreker*

Hitler was 'n produk van die eerste helfte van die Twintigste Eeu.

Hierdie eerste helfte van ons eeu het twee uitstaande kenmerke. Enersyds die wonderbaarlike vermoë van die wêreld se wetenskaplikes en tegnici om soveel nuwe kennis te ontdek dat hulle vir 'n mensdom 'n era van ontwikkeling oopgestel het waarvan die einde nog glad nie in sig is nie. En andersyds die ewe wonderbaarlike onvermoë van die regeerders en die politici van die wêreld om die kennis van hul tyd aan te wend tot voordeel van die smagtende mensemassas oor wie hulle die heerskappy moet voer.

Uit die bekommerde en vertwyfelde Duitse massa, wat deur hul leiers in die steek gelaat was en deur hul vyande vertrap was, het Hitler te voorskyn getree — 'n man met 'n vergesig. Hy wou 'n sintese bewerkstellig tussen die twee kenmerke van sy tyd. Hy was 'n baanbreker wat vir die mensdom die koers aangedui het wat hulle in die tweede helfte van die Twintigste Eeu sal moet inslaan. Miskien het Hitler te vroeg geleef. Miskien moes hy nie na die eerste wêreldoorlog nie, maar na die derde wêreldoorlog eers op die toneel verskyn het!

(Vervolg op bladsy 3 kolom 3)

# S.A. Versoek Brittanje Om In Afrika Te Bly

**Die regeringspers en regeringsverteenwoordiger in Engeland lewer tans ernstige pleidooie by Brittanje om hom nie uit Afrika terug te trek nie. „Gee u uself oor aan sinnelose praatjies dat die tyd van die kolonies verby is, dan is u aan uself ontrou. Wat meer is, u verraai swart Afrika," het dr. A. L. Geyer, hoëkommissaris in Londen, verlede week in 'n toespraak gesê.**

In aansluiting hierby skryf Die Burger:

„Nou is daar twee feite wat vasstaan. Die eerste is dat die nuwe orde (wat Brittanje gestel het in die plek van die naturelle-instellings) nie so in die lewenswyse van die inboorlinge gevestig is dat dit die onttrekking van Britse gesag, in hierdie stadium, vir ook maar 'n enigsins noemenswaardige tyd kan oorleef nie. Die tweede feit is dat die onttrekking van die Britse gesag nie 'n terugval sal meebring tot die primitiewe gesag van voorheen nie. Daarvoor het die oue al te ver verkrummel. 'n Terugval sal daar sekerlik wees, maar nie tot 'n barbaarse orde nie, wel tot 'n barbaarse chaos wat erger sal wees as die toestand wat Brittanje in Afrika kom vind het — erg soos dit ook al was.

„So 'n vooruitsig is donker genoeg, maar dit word nog donkerder gemaak deur die aanwesigheid in Afrika van twee nuwe imperialismes wat bereid en gretig sal wees om te gryp waar die oue los: die Rooi imperialisme van Moskou en die Geel imperialisme van Indië."

Tot sover Die Burger.

### MOEDER VAN GELE

Ons wil toegee dat die aanwesigheid van drie imperialismes in Afrika tans 'n groot probleem skep, en as daar geen ander keuse is as tussen hierdie drie imperialismes nie, dan moet die kleinste euwel seker maar gekies word. **Maar by so 'n keuse is dit goed om in gedagte te hou dat die derde (Geel) imperialisme die baba van Britse imperialisme is en dat dit nog steeds deur Britse imperialisme gevoed word.** Dit is Brittanje wat die Indiërs in Suid-Afrika toegelaat het en wat, kragtens sy susereiniteit, die Suid-Afrikaanse Republiek belet het om die Indiërs uit Transvaal te weer toe laasgenoemde net soos die Vrystaat stappe teen Indiërindringing wou doen. **Dit is ook onder Brittanje se leiding dat die Indiërs vandag nog die noordelike kolonies binnestroom omdat Brittanje geen diskriminasie teen Sy Majesteit se geel onderdane (of republikeine) duld nie. Dit bly ook nie net by Britse Indiërs nie. In 1949 het Brittanje selfs nog Sjinese in Kenia ingevoer.**

**Handhawing van Britse gesag in Afrika beteken dus ook verbreiding van Geel imperialisme.**

### OORBODIG

Maar wat dr. Geyer en Die Burger geheel-en-al uit die oog verloor, is dat hul pleidooi heeltemal oorbodig is. **Brittanje is nie besig om in Afrika te „abdikeer" nie. Hy is slegs maar besig om sy beproefde resep vir behoud van sy Empire toe te pas op 'n ietwat nuwe mensemateriaal.** Voorheen is hierdie resep van „losmaking van bande" ten einde „beslag te lê op die gees" net op blanke onderworpenes toegepas. Tans toets die Britse regering dit ook uit op swart onderhoriges, en die toekoms sal nog moet bewys of hierdie nuwe proefneming net so geslaag sal wees as die eerste wat daartoe gelei het dat voormalige republikeine tans „graag" „in enige omstandighede" in die Empire wil bly en selfs pleidooie by Londen lewer om hom nie te laat oortuig dat die tyd van kolonies verby is nie.

**Die Britse proefneming mag gevaarlik wees, maar dit is nog lank nie likwidering van sy imperialisme in Afrika nie.**

---

# Skroef Laat Been Sneller Groei

**'n Metode om kinders wie se bene as gevolg van kinderverlamming nie meer ewe lank is nie van mankheid te red, is deur 'n Amerikaanse geneesheer, dr. Charles Pease, met welslae op 'n hele aantal kinders toegepas. Voorheen was dit die gebruik om in sulke gevalle die gesonde been se groei te vertraag, maar baie ouers was nie bereid om tot so 'n behandeling toe te stem nie.**

Nou het dr. Pease die metode ontwikkel om die kort been se groei te versnel sodat hy die ander inhaal. Dit berus op die kennis dat bloedsirkulasie toeneem waar 'n prikkeling is, en met vermeerderde bloedsirkulasie is daar vinniger selopbouing in die omgewing van die prikkel. Dr. Pease se metode kom dan daarop neer dat hy 'n prikkel so na as moontlik aan die punt van die been aanbring in die vorm van 'n skroef wat in die been gedraai word. Enige skroef sal deug, maar hy gebruik ivoorskroefies omdat dit later deur die gestel geabsorbeer word.

Hy het bevind dat hierdie stimulant die groei van die been binne 'n paar maande laat toeneem.

---

# L.V. DROOM VAN EMPIRE-HULP TEEN INDIË

**Die arme stemvee wie se aandag in die stryd teen hoë lewenskoste dees dae tot so 'n mate opgeneem word met die lees en oorpeinsing van nuwe prysstygings wat in die koerante aangekondig word dat daar baie min tyd oorbly om hulle van die politiek te vergewis, moet maar tevrede wees met die kennis wat aan hulle gratis verskaf word deur partypolitici. Gelukkig dat dit vir meeste van hulle darem soos soetkoek smaak.**

Voorbeeld van hierdie soetkoek word gevind in 'n toespraak van Verenigde Party-L.V. A. E. P. Robinson, wat verlede week in Seepunt aan sy Engelse gehoor vertel het dat die groepie manne wat die „harde kern van nasionalisme uitmaak", 'n vrye soewereine republiek verlang wat los sal wees van die Britse Statebond.

„Indië sal dan kan sê dat die vraagstuk van die behandeling van die Indiërs in Suid-Afrika nie langer uitgestel kan word nie. Dan sal Suid-Afrika nie meer in staat wees om 'n beroep om hulp te doen op die res van die Statebondslande nie," aldus mnr. Robinson.

### GEEN HULP

**Asof Suid-Afrika enige noemenswaardige steun op die V.V.O. van die Statebond in die verlede ontvang het! Brittanje het tydens die jongste verhoor van Suid-Afrika op aanklag van ons „susterstaat" Indië konsekwent buite stemming gebly.** Die enigste statebondsland van wie ons hulp ontvang het, was Australië en dit het hy verleen nie omdat hy 'n „susterstaat" is nie **maar omdat Australië net so bewus is van die Asiatiese gevaar as die Unie en ook 'n beleid volg om Asiate uit sy grense te weer.** Die beleid daar is om Australië „wit" te hou, net soos hier in Suid-Afrika waar die stryd hoofsaaklik gerig is teen die gevolge van die Britse mengelmoes-beleid van die vorige eeu.

Maar dit is nie net dat ons in ons stryd teen Asiatiese indringing geen steun van Brittanje ontvang nie. **Brittanje is nog steeds besig om Afrika onbewoonbaar te maak vir die blanke en die naturel. Die vrugbare streke van Oos-Afrika is deur Brittanje vol Indiërs gestop — en die stroom word nog gehandhaaf omdat die koloniste nie teen Sy Majesteit se republikeine (voorheen onderdane) kan diskrimineer nie — dat die mening reeds posgevat het dat Oos-Afrika vir die blanke klaar verlore en vir die naturel halfverlore is. Dit word 'n kolonie van Indië.**

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

### *Die Junkers*

My leser noem die name van verskeie belangrike manne wat nie van Hitler gehou het nie. Ek ken die manne nie. Ek weet net dat hulle almal Junkers is en dat die Junkers nie van Hitler gehou het nie. Junkers, is die naam wat gegee word aan die groot grondbesittende families van Duitsland sowel as aan die gevestigde ryk handelaarsfamilies uit die voormalige vrystede van die Hansaverbond. Die seuns uit hierdie aristokratiese, invloedryke en hooghartige families het vir geslagte aaneen die militêre leiers van Duitsland opgelewer.

Die Junkers het nie van Hitler se nederige herkoms gehou nie. En Hitler het nie van hulle hooghartigheid gehou nie. Ek sou derhalwe nie vir Hitler op die Junkers se getuienis veroordeel nie. Owerigens sal ek my nie laat beïnvloed deur een van die na-oorlogse boeke wat Hitler verdoem nadat die Duitsers die oorlog verloor het nie. Ek wil my leser aanraai om nie sy ewewig te verloor wat Hitler betref nie. Ek probeer ook om ewewigtig te bly. Ek gaan nie vir Hitler ophemel en sy foute goedpraat nie, maar ek gaan hom ook nie 'n „duiwel" noem nie en ek gaan onder geen omstandighede toegee dat die galgmoorde van Neurenberg geregverdig was nie.

# Moet Parlementêre Spelreëls Nie Oortree

**„Die koukussambok laat weinig private lede toe om na te dink voordat hulle stem. Maar indien hulle kon — en dit doen sou die vurigste ondersteuners van die huidige wetsontwerp miskien tot die besluit kom dat die party-tirannie 'n te gevaarlike gehoorsaamheid vereis," verklaar die Cape Argus in verband met die wetsontwerp op kleurlingstemreg.**

Hy skryf:

„Ondêr die onverbiddelike aandrywing van 'n partymeerderheid en koukusdissipline bestaan daar weinig twyfel dat die wetsontwerp op kleurlingstemreg op die wetboek geplaas sal word.

„Die koukussambok laat weinig private lede toe om na te dink voordat hulle stem. Maar indien hulle kon — en dit doen — sou die vurigste ondersteuners van die huidige wetsontwerp miskien tot die besluit kom dat die party-tirannie 'n te gevaarlike gehoorsaamheid vereis.

„Die moontlikhede dat dit kan lei tot 'n verval van parlementêre vryheid en gesag is klaarblyklik. **Onder die stelsel en prosedure van parlementêre regering staan sekere tradisies, konvensies en sanksies en dit is weens hierdie dinge dat 'n parlementêre meerderheid, al is hy hoe magtig, nie sy mag gebruik om die regte van minderhede te skend of sy teenstanders te ontkieser nie. Indien hierdie verstandhouding — die ongeskrewe reëls van die spel — veronagsaam word, hou parlementêre regering in die ware sin van die woord op."**


Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow





Waar u ook mag wees
Kommando
is die gewildste
Suid-Afrikaanse sigarette




GI-3056-AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### PLANNE OM GELD TE MAAK

Maak baie geld tuis sonder kapitaal. Ons sal u wys hoe. Gefrankeerde koevert sal gratis inligting verstrek. **Posbus 16, — O.B., Robinson, Transvaal.**

### TE KOOP GEVRA

Stuur al u afval Koper (enige vorm) aan I. M. Prinsloo, Pretoria Noord Stasie. Ons betaal 6d. per lb. op u stasie onmiddellik na ontvangs.
24/1/6B

### TE KOOP

**3,000 Pragtige opregte, swart Australorp** gewaarborgde kuikens, beskikbaar weekliks. Eerste klas grootmaak vermoë. £6/10/- per honderd. **NASIONALE BROEIERY, Posbus 1128, Bloemfontein.** 31/1/17B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — **„Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad.** T.K.

**Duitse Merino-rammetjies uitverkoop.** Plaas bestellings vir November-aflewerings om teleurstelling te voorkom. Geteel van opreggeteelde Elsenburgvaders. **C. du Toit, Malanstasie.**
31/1/7B

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
A/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.**
(Nr.1) 1/9/49

### GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEELS (vloer en muur — verskillende tipe), KOMBUISOPWASBAKKE, (vlekvrye staal en Terrazzo), SEPTIESE EENHEDE — W.C. STELLE, BADDENS EN HANDEWASBAKKE, VERF- EN STAALVENSTERS, LOODGIETERS BENODIGDHEDE, ENS.
8/11/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

# Hoë Lewenskoste Het Britse Koning Gevang

**Die hoë lewenskoste het ook die Britse koning swaar getref en buitengewone maatreëls is so pas deur die regering getref om sy toestand te verlig. Die eerste minister het die parlement meegedeel dat die koning al sy spaargeld opgebruik het ten einde sy geldelike verpligtinge na te kom.**

Die jaarlikse toelae van £410,000 wat die koning ontvang, is sedert 1937 nog nooit verander nie, het Attlee gesê, en voorgestel dat die skatkis in die vervolg die pensioene van sekere oudgediendes — die 200 Yeomen of the Guard en die 50 Gentlemen-at-Arms — wat deur die koning persoonlik betaal is, oorneem. Ook sal die koning in die vervolg nie meer self betaal vir sy telefoon- en telegramrekening nie. **Allestesame word dan gehoop om die koning 'n besparing van £40,000 te besorg, terwyl die koning onderneem het om deur inkortings in uitgawes in sy huishouding self 'n verdere £20,000 te spaar.**

### GROOT UITGAWES

Die Britse koning is 'n baie ryk man, maar 'n groot deel van sy rykdom kan hy nie gebruik nie omdat dit òf na die skatkis vloei òf in vaste eiendom belê is. Sy jaarlikse inkomste beloop ongeveer £1,200,000, maar daarvan ontvang hy net die bedrag van £410,000. Daarmee moet hy sy hele huishouding onderhou, en hierdie uitgawes is nogal aansienlik. Die onderhoud van sy paleise kos hom omtrent £150,000 per jaar, terwyl sy wynkelder alleen £8,000 opslurp. Aan motors en hul onderhoud bestee die koning ongeveer £5,000 terwyl sy wasgeld die aardige bedrag van £6,000 beloop. Dit sluit natuurlik ook die wasgoed van sy bediendes in.

### GROOT BESITTER

Die koning is eienaar van groot bates. Die grond waarop sy hoofpaleis, Buckingham Palace, staan, word op meer as £3,000,000 geskat, maar hy mag dit nie verpand sonder toestemming van die parlement nie. Verder besit hy waardevolle oudhede en skilderye wat tesame ook 'n paar miljoen pond werd is. **'n Goue eetstel alleen, wat so swaar weeg dat dit vier mans kos om een skottel te dra, se waarde word op meer as £1,000,000 gestel.** Daarbenewens besit die koning plase en stoeterye en ook aandele in myn- en ander nywerheidsondernemings.

**In 1946 het die bediendes in die paleis gedreig met 'n staking indien hulle nie hoër lone en 'n lewenskostetoelaag ontvang nie. Dit is toegestaan.**

# Reuse-Radys In Ermelo Gekweek

**'n Reuse-radys wat in Ermelo, Tvl., gedurende die voorsomer deur 'n kwekery vir saaddoeleindes gekweek is, beloof om die boer se wintervoer-probleem nog verder op te los daar die knol van die plant 'n gewig van tot 64 pond op skraal grond bereik en besonder geskik is as voer vir alle plaasdiere, word berig.**

Die bestaan van die reuseradys is nog grootliks in 'n waas van geheimsinnigheid gehul maar binne afsienbare tyd behoort dit 'n ommekeer in die boerdery te weeg te bring.

Uit die navraag wat omtrent die herkoms van die plant gedoen is, blyk dit dat 'n soldaat gedurende die afgelope oorlog 'n paar saadjies uit Japan — waar die uitvoer van die saad ten strengste belet is — gesmokkel het. Met 'n omweg het 'n boer in Oos-Transvaal 'n paar in die hande gekry wat dit op sy beurt geheim probeer hou het nadat hy gesien het wat 'n wonderlike radys uit die saad te voorskyn kom.

Sy voorsorg ten spyt, het die saad tog na naburige plase versprei en hoewel die bestaan van die Japanse radys selfs onder beamptes van die departement van landbou feitlik onbekend is, sal 'n landswye verspreiding van die kosbare saad binnekort van stapel gestuur word.

### WAARDEVOL

Op praktiese wyse is die waarde van die Japanse radys reeds bewys. Vir voerdoeleindes word die saad gedurende Februarie-Maart ongeveer twee voet van mekaar geplant en dan is die radys bekwaam vir veevoer vanaf Mei wanneer dit knolle lewer wat van dertig tot sestig pond weeg en gretig deur plaasdiere soos skape, pluimvee, beeste, varke, ens., geëet word. Dit groei op Ermelo se skraalste grond, nl. ou-lande en omdat die plant 'n sterk wortelstelsel het, is dit ook goed bestand teen droogte, en daarby is dit ook goed bestand teen ryp wanneer die knol eers groot is.

'n Boer het as gevolg van die goeie wolpryse besluit om nie 'n trop hamels wat al sonder tande was, te verkoop nie, maar om hulle met die radyse deur die vorige winter te probeer haal. Hy het die skape dan ook hoofsaaklik op radyse gevoer en na die winter is hulle geskeer en as prima diere bemark.

### GEE MELK

'n Ander boer het sy melkkudde met kragvoer en die Japanse radyse gevoer, en toe sy voorraad radyse gedaan is, het hy met kragvoer aangehou. Tog het sy melkproduksie met 20 persent gedaal.

Die Japanse radys het verder 'n groot voorsprong op die raap wat ook vir veevoer gebruik word daar dit geen geur of smaak aan melk of room gee nie. Pluimvee is ook lief vir die radys en hol dit uit dat net die skil bly staan. 'n Enkele knol is voldoende voer vir 'n koei per dag.

## Koring En Politiek

**Pres. Truman het die Amerikaanse Kongres verlede week gevra om die skenking van 2,000,000 ton koring aan Indië te magtig met die verstandhouding dat die helfte daarvan teruggehou word totdat die posisie in Indië opgeklaar is.**

Hy het verwys na die politieke verskil wat daar tussen Amerika en Indië bestaan betreffende optrede teen agressie en 'n Asiatiese beleid, maar dat die oë nie gesluit kan word vir die hongersnood in Indië nie.

Indië sal nie betaal vir die koring nie, maar het aangebied om 'n groot deel van die vragkoste te betaal. Spesiale skepe uit die Amerikaanse vlootreserwe sal vir die vervoer van die koring noodsaaklik wees.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## ONS BLAD EN DIE REPUBLIEK

**Mnr. A. H. Stander, Graaff-Reinet, skryf:**

Gee asseblief groete aan neef Sybrand en vra vir hom om dr. Malan en genl. Smuts te vergelyk t.o.v. hul imperialisme.

Dink u nie dr. Malan is bobaas nie? Vanaf 1899 tot vandag is hy nog al die tyd besig om van die republiek weg te hardloop. Nou speel hy en Kahn voetbal met die heiligste regte van die Afrikaner Volk.

Tye het dan kamstig so verander dat ons met die enigste vyand wat ons ooit gehad het tot in Midde-Ooste moet saamgaan. Teen wie?

En daardie vriend van dr. Dönges wil geen steen aanroer teen Rusland en Sjina nie en verkoop intussen oorlogstuig aan Rusland.

Behalwe dit alles gaan daardie vriend aan die kant van ons Swartgevaar staan teen ons.

Tyd ontbreek om my dinge agtermekaar te sit; maar Sybrand moet maar instaan.

Dan, Meneer, ek moet u van harte gelukwens met die hoë gehalte van u artikels, leesstof, ens. Dis mos die enigste koerant wat daardie naam verdien. Brei die blad uit. Ek sal £10 gee as u nog 1,000 O.B.'s kry om te help.

## FAMILIE SE DANK

**Mnr. P. G. Kilian, Middelburg, Tvl., skryf:**

Mnr. en mev. H. Slegtkamp, jr., van Johannesburg, seun en skoondogter van ons ontslape Generaal, wil graag deur middel van u geëerde blad namens hul weduwee-moeder en familie en namens hulself, almal baie hartlik bedank wat soveel gedoen en opgeoffer het tydens die siekte, oorlye en begrafnis van die Generaal. Hulle bedank die K.G. vir sy belangstelling en teenwoordigheid en vir die 6 Boeredogters wat die kis gedra het.

Dis my gevra om aan hierdie dogters hul spesiale dank oor te dra, aangesien hulle nie die name en adresse van die dogters het om hulle persoonlik te bedank nie.

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blankes en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.
DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

### *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van.................*

*..........................vir die eerste.......................maande.*

*NAAM*.................................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................................................
..........................................................
..........................................................
..........................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## Stedelike Arbeiders (3)

# MENSE WAT VERHOUDINGS TUSSEN RASSE BEPAAL, GOED OF SLEG

**Die verhouding tussen Europeaan en Bantoe word nie in die eerste plek bepaal deur mense soos ons wat vandag deel het aan hierdie samespreking nie, maar vanuit die blanke kant deur diegene wat dag na dag saam met hulle werk of toesig oor hulle hou. Die boer op die plaas, die mynwerker, die ploegbaas, die vragmotorbestuurder en duisende ander eenvoudige mense. As die ploegbaas die naturel onsimpatiek behandel en hom op 'n onwaardige wyse voor die naturel gedra, dan is dit die witman wat so handel.**

Ons as blankes kan dit nie ontken dat in die daaglikse arbeidsverhouding daar blankes is wie se gedrag en optrede nie respek by die naturel afdwing nie. Kan ons vandag ontken dat baie blankes wat eenvoudige dagtake verrig saam met naturelle en tog in 'n toesighoudende posisie geplaas is, dikwels bullebakke is? Dit het tyd geword dat hierdie mense opgevoed word tot die erns van die vraagstuk waarmee ons te kampe het. **Enige witman wat met naturelle werk moet so met hulle werk dat hulle respek vir die witman sal behou.** Ons wil nie deur dit te sê aandui dat alle opsigters oor naturelle-arbeiders hulle op 'n onwaardige wyse gedra nie maar dat die aantal wat dit doen, en gelukkig is hulle in die minderheid, skade doen wat nie maklik goedgemaak kan word nie. Die Polisie gee in die afgelope jare gereeld lesings aan die opleidingskollege oor die vraagstuk wat ons hier behandel en die resultate is bemoedigend. Is dit te veel gevra om deur die Kamers van Mynwese, Nywerheid en Koophandel, munisipale werkswinkels in ingenieursafdelings, publieke werke en paaie-afdelings voorligting aan blanke opsigters oor naturelle-arbeiders te verskaf en hulle op die erns van die vraagstuk te wys?

### OPLEIDING

Die uitgawe aan naturelle-onderwys verbonde het gestyg van £340,000 in 1922 na meer as £5,000,000 in 1947/1948. Die getal ingeskrewe leerlinge het gestyg van 353,044 in 1935 tot 604,063 in 1945. **Hierdie geweldige onderneming word so bestuur en die leerplan so ingerig dat daar geen verskil bestaan tussen die skole vir blankes en die naurelleskole nie. Onderwys op Europese lees geskoei word uiters onsinnig in die geval van leerlinge vir wie daar geen lang verpligte skoolloopbaan voorgeskryf is nie, maar wat merendeel slegs 'n paar jaar op skool bly en dus gedurende hierdie jare vir die eise van die lewe moet voorberei word.** Die gevolg is dat duisende naurellekinders hul tyd op die skoolbanke sit en verkwis, 'n standerdsessertifikaat verwerf of matrikuleer en dan uitvind dat hul „geleerdheid" hulle geen broodwinning kan besorg nie. Daarbenewens is daar duisende wat nòg skoolonderrig nòg arbeidsopleiding ontvang. Sulke naturelle vorm die arbeidsaanbod in Suid-Afrika.

### VREEMDES

By wyse van toeligting wil ons net noem dat hotelle, losieshuise en selfs privaat persone in Pretoria lone van £10 tot £16 per maand aanbied aan ordentlike opgeleide koks en skoonmakers. Alleen enkele Unie-naturelle word aangevra terwyl Rhodesiese, Niassalandse en Portugese naturelle baie gesogd is. Indien stadsrade die beperkings op die intog van buitelandse naturelle ophef, sal kwalik 10 persent Unie-naturelle in diens geneem word in hotelle, losieshuise en woonhuise. **Unie-naturelle moet dus sodanige arbeidsopleiding ontvang dat hulle geskik sal wees om te voldoen aan die vereistes van werkgewers in die arbeidsmark.** Dit sal ook tot gevolg hê dat naturelle beter lone sal ontvang want hoë lone word uitbetaal alleen aan persone wat sulke lone ekonomies regverdig.

**Sabra-Lesing**
**Deur**
**C. W. Prinsloo.**

### LIGGAAMLIK SWAK

Hierdie arbeidsopleiding moet wel deeglik gepaard gaan met liggaamlike opvoeding. Die lae liggaamlike geskiktheidspeil van die Unie-naturelle is ondersoek deur deskundiges in samewerking met die Nasionale Raad vir liggaamlike opvoeding. Etlike belangrike studies is gepubliseer in die blad „Mannekrag." 'n Omvattende voedingsprogram is dus ewe wenslik daar ondervoeding en wanvoeding die gehalte van die mannekrag tot 'n gevaarlike laagtepunt gevoer het. Groot werkgewers moet naturelle goed 60 dae „opvoer" voor hulle harde fisiese arbeid kan verrig.

Ons vestig u aandag op hierdie vraagstuk om u aan te dui wat die gehalte van die arbeidsaanbod huidig is en wat die agtergrond is van die werker vir wie nywerheidswetgewing beplan word.

### BESOLDIGING

Naturelle ontvang vandag byna sonder uitsondering hulle loon in kontant. Twee van die belangrikste gevolge hiervan is dat naturelle-arbeiders byna sonder uitsondering sleg behuis is, en in die meeste gevalle ly aan ondervoeding en wanvoeding. Ongelukkig is weens verskeie oorsake, maar boweal weens die keuse wat gelaat word in die verskillende loonvasstellings, groot werkgewers soos die stadsrade van Johannesburg en Pretoria gedwing om af te sien van voedingskemas vir hul naturellewerknemers. Die direkte gevolg hiervan was dat weens ondervoeding en wanvoeding die arbeidsprestasie van die naturelle geweldig gedaal het. Aan die anderkant het die hoër kontantloon geen blywende voordeel aan die werknemers besorg nie omdat die bedrewe naturellehandel daarvoor sorg dat al hul geld aan nuttelose snuiterye verkwis word.

### IN GOEDERE

**Dit sou 'n groot volksbelegging vir die Bantoe beteken indien die grootste deel van hul lone in natura betaal kon word, bv. voeding, behuising en verder gestort word in 'n trustfonds vir die ontwikkeling van hul tuisgebiede.**

Die gemiddelde loontrekker, selfs in blanke geledere, moet al 'n hoë mate van ontwikkeling en selfbeheer hê om die hand vol geld wat hy aan die einde van die week ontvang, voordelig vir homself, sy gesin en sy volk aan te wend. **As ons voortgaan met die betaling van hoër kontantlone sal die arbeidspotensiaal aanhoudend daal weens die nadelige gevolge van swak behuising en wanvoeding, terwyl verstandige werkgewers soos die mynbou en die landbou wat hul naturelle behuis en voed al minder naturelle trek.**

(Slot volg.)

---

## „Beste Klub"

**„Die parlement hou daarvan om homself te beskou as Suid-Afrika se beste klub."— (Cape Times, 12 Feb.)**

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# BIED TOEVLUG VIR SELFMOORDENAARS

**Amerika is die land waar snaakse dinge plaasvind en van tyd tot tyd verneem 'n mens van baie eienaardige ondernemings — sommige baie stuitlik, soos die paalsittery, en ander nuttig en sielkundig.**

So is daar die man wat 'n jaar of wat gelede 'n luisterkantoor in een van die groot stede ingerig het waar mense met belaste gemoedere hul harte kan gaan uitstort. Die man bied geen advies aan nie. Al wat hy doen, is om aandagtig en simpatiek te luister na die klaagliedere van sy kliënt. Nadat laasgenoemde sy hart uitgestort het, voel hy gewoonlik soveel beter dat hy weer die lewe met vaste tred tegemoet kan gaan.

Nou word weer berig van 'n vrou, die weduwee van 'n predikant, wat 'n advertensie in die koerante laat plaas het met die uitnodiging aan moedverlorenes om haar op te bel voordat hulle besluit om hul lewens te neem. Sy is 70-jarige mev. Julia Shelhamer wat enige maande gelede baie ontsteld was toe sy verneem het van 'n vooraanstaande persoon in Washington wat selfmoord gepleeg het. Sy het toe besluit om die advertensie te laat plaas en sedertdien het die telefoon nog aanhoudend gelui.

Op een Sondag het sy soveel as 110 oproepe ontvang van mense wat op die punt gestaan het om hul hand aan hul lewens te slaan. In meeste gevalle het dit 'n keerpunt in die persoon se lewe teweeggebring. Een van hierdie amper - selfmoordenaars studeer vandag vir predikant.

Sodra die persoon opbel — sommige diep in die nag — begin die vrou in haar simpatieke stem vir hom te bid waarna 'n paar woorde van bemoediging volg. Sy glo vas dat 'n opregte gebed verhoor sal word en dat die belydenis van sonde lei tot vergiffenis met uitwissing van die skuldgevoel wat mense soms tot wanhoop dryf.

**HELP U BLAD DEUR SY ADVERTEERDERS TE ONDERSTEUN EN „DIE O.B." SE NAAM BY HULLE TE NOEM.**

*TEVERGEEFS HET HULLE GEWAG . . .*

**Pappie het nie weer gekom nie**



Gereeld het hulle smiddags laat vir Pappie ingewag en hom by die hek gaan haal—'n óu gewoontetjie van hulle.

Dié noodlottige dag het hulle weer soos op ander dae gewag . . . maar tevergeefs. Iemand het naderhand met die treurige tyding gekom— „'n ongeluk . . . . hospitaal-toe . . . te laat!"

Nou was dit nét hulle—die weduwee en haar vaderlose kinders.

. . .

Pappie se liefde en sorgsaamheid sou egter nou nog 'n troos vir hulle wees: die Weduwees-Pensioenpolis wat hy 'n paar jaar tevore by Sanlam uitgeneem het, sou voortaan vir hulle sorg . . . .

**● Sou U ook nog kan sorg, al is u self nie meer daar nie? Of is hulle nog blootgestel aan die gevaar van behoefte as u sou wegval? Vra VANDAG hoedat Sanlam vir u en hulle kan beskerm.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17c, Posbus 660, Kaapstad.**

*Laat my asb. dadelik weet hoe u my kan help om vir 'n toereikende Weduweespensioen voorsorg te maak.*

NAAM: ..........................................

ADRES: ..........................................

..........................................

*Beroep:* ................ *Ouderdom volgende Verjaarsdag:* ...... 53





## Ouma Geldenhuys Oorlede

Met die afsterwe van ouma Maria Jacoba Geldenhuys (geb. Uys) van Kaapstad, is een van die mees getroue en hardwerkende lede van die Ossewabrandwag heen. Ten spyte van haar hoë ouderdom van 82 jaar was daar min mense in die kommando van Observatory wat so gereeld alle funksies van die Beweging bygewoon en so gereeld haar bydrae in die vorm van geld gelewer het.

As mens was sy bemind omdat sy haar medemens lief gehad het en altyd bereid was om 'n helpende hand uit te steek.

Sy is op 10 Januarie in die Groote Schuur-hospitaal oorlede.

# Geen Eenheid Op Grondslag Van Britse Konneksie

**„Veertig jaar lank het ons probeer om rassevrede te bewerkstellig op die grondslag van die Britse konneksie. Die Engelse seksie verseker ons dat hulle alles in hul vermoë gedoen het om daardie vrede te verkry; die Afrikaanse seksie sê dieselfde — en tog moet dit vir elkeen wat die saak onbevooroordeeld betrag, duidelik wees dat die poging om rassevrede op daardie grondslag te bou, 'n klaaglike mislukking was," skryf S. E. D. Brown, Ceres, in die Cape Times.**

Die skrywer verklaar dat daar 'n tyd in die lewe van elke volk kom dat hy moet verenig, beplan en bou, en Suid-Afrika nader vinnig hierdie punt. „Ons moet nou besluit of ons Suid-Afrikaners is of nie, en indien Suid-Afrika ons vaderland en die erfenis van ons kinders gaan wees, dan moet ons ons geledere sluit en saamstaan as die Suid-Afrikaanse ras en ons moedig inwerp teen die binne- en buitelandse gevare wat ons bedreig. Nasionale vraagstukke kan alleen deur nasionale inspanning aangepak word wat hom uit in Suid-Afrikaanse patriotisme.

„Geen intellektueel - eerlike mens kan die geldigheid van ware Suid-Afrikanisme ontken nie, want sonder rassevrede kan daar geen volk wees nie."

**ANDER GRONDSLAG NODIG**

Die skrywer verklaar voorts dat die poging om rassevrede te verkry op die grondslag van die Britse konneksie jammerlik misluk het. **„Vandag is die rasse verder van mekaar verwyder as 40 jaar gelede. Dit moet dus duidelik wees dat die grondslag waarop ons probeer het om hierdie vrede te bou, naamlik die Britse konneksie, ontoereikend geblyk het — en dat die enigste alternatief vandag is om 'n nuwe begin te maak op die enigste ander beproefde grondslag, naamlik ware Suid-Afrikanisme, ware nasionale onafhanklikheid en op die lewensbelangrike beginsel van Suid-Afrika eerste en laaste en altyd.**

„Dit is op hierdie grondslae en hierdie grondslae alleen dat ons die Suid-Afrikaanse nasie kan bou wat ons in staat sal stel om met enige hoop op welslae die vernaamste vraagstukke voor ons aan te pak."

## Vryheidsdag

word gevier op

## 24 Februarie

te

## HARDEKRAALTJIE VOORTREKKERWEG BELLVILLE

Sprekers:

Dr. F. du T. van Zyl (Kaapstadse Leier).
Mnr. J. A. Smith (A.K.G.).
Mev. dr. J. S. du Toit (Kaaplandse Leidster).

Braaivleis van 6—8 nm.
Bring eie bekers vir koffie en spitte vir vleisbraai saam.
Voorgeskrewe program vanaf 8 nm.

## Nood Bring Wysheid

Die wêreldnood wat gevolg het op Churchill en Roosevelt se pogings om die wêreld te red van vrees en agressie het die Westerse politici nou eindelik tot die mate van nugterheid gebring dat Spanje as 'n bondgenoot in die stryd teen die kommunisme erken word.

Die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Dean Acheson, het verlede week gesê dat hy hoop op 'n nouer samewerking van Spanje met die Atlantiese volke en 'n Spaanse bydrae tot die verdediging van Europa.

Wat die Britse houding teenoor so 'n bydrae tans is, is nog nie bekend gemaak nie, maar aangesien Brittanje verlede week ambassadeurs met Spanje uitgeruil het nadat die Britse regering 'n maand of wat gelede hom nog teen so 'n stap uitgespreek het, kan 'n aanduiding wees dat Amerikaanse druk hom laat geld het.

§„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Martin Scholtz Oorlede

Mnr. Martin Scholtz, in lewe generaal van die Ossewabrandwag en 'n vooruitstrewende skaapboer, is op Sondag, 4 Februarie op Loxton oorlede in die ouderdom van 57 jaar. Wyle mnr. Scholtz het Sondagmôre die Nagmaaldiens op die dorp bygewoon. Hy is na die diens terug na sy plaas. By die huis het hy gekla dat hy sleg voel en het gaan lê. Hy het nooit weer opgestaan nie maar is die middag skielik oorlede.

Mnr. Scholtz was 'n man met 'n baie beminlike persoonlikheid. Sy familie en vriende sal sy aansteeklike en vrolike lag ongetwyfeld nooit vergeet nie. Hy was 'n karaktervaste man van sterk beginsels wat hy met oortuiging gestel en uitgeleef het. Hy was 'n leier in sy omgewing en sy afsterwe laat 'n ledige plek in die samelewing na.

Die begrafnisdiens is waargeneem deur die plaaslike leraar, ds. Van der Merwe, wat 'n treffende rede gelewer het.

Vir die Ossewabrandwag is genl. Scholtz se heengaan 'n baie gevoelige verlies. Vanaf die stigting van die beweging was hy 'n aktiewe offisier — eers kommandant, later hoofkommandant en eindelik generaal. In hom het die Ossewabrandwag 'n vriend, 'n kampvegter en 'n steunpilaar verloor.

Die Ossewabrandwag betuig innige meegevoel en deelneming met sy eggenote, kinders en familiebetrekkinge.

## ONDERDRUKKING VAN ROOIES HOOGS NODIG

**„Die vraag mag gestel word of die gevaar nie bestaan dat die binnelandse rasse-onenigheid in 'n oorlog Suid-Afrika se oorlogspoging mag verlam nie. Die antwoord hiervoor hang grootliks af van die mate waarin die owerheid slaag om die bedrywighede van 'n klein aantal baie bedrywige kommuniste in Suid-Afrika te onderdruk. Dit is duidelik dat daar nie nog 'n land is waar binnelandse moeilikheid ten tyde van oorlog meer welkom vir die vyand sal wees nie."**

**Bostaande is die weloorwoë mening wat deur die Unie se hoëkommissaris in Londen, dr. A. L. Geyer, uitgespreek is in 'n toespraak voor die Royal Empire Society.**

### *Voor Sy Dood*

**Voor sy dood het wyle kapt. Henri Slegtkamp die wens uitgespreek dat hy 'n O.B.-begrafnis moes ontvang en dat Boeredogters sy stoflike oorskot grafwaarts moes dra. Op die foto links is die lede van die vuurpeleton en regs dra ses Boeredogters die kis. Hulle is (voor) Beatrix Seymore, Martha du Plessis; (middel) Elna Grobler, Johanna du Plessis; (agter) Rina Smit en Louisa van der Westhuisen.**

U het 'n Droomhuis in die Verskiet

BOU SAAM MET

SAAMBOU

Die Bestuurder, Saambou (Permanente) Bouvereniging, Posbus 4180, Kaapstad. Stuur my asb. u gratis brosjure waarin u verduidelik hoe om ons ideale met gereelde besparings te verwesenlik.

**Naam:** ........................................

**Adres:** ........................................

........................................

........................................

**TOESPRAAK**

**KOMMANDANT-GENERAAL**

Wat gelewer is by die opening van die Uniale Laertrek.
Nou verkrygbaar in pamfletvorm teen 1/- per dosyn.

Bestel by:

**Posbus 1411, Kaapstad.**
**Posbus 1059, Pretoria.**

**Voorraad beperk. Bestel dadelik.**

DUIDELIKE MERKE MAAK 'N HEMELSBREË VERSKIL




Goed wat duidelik gemerk is—met die geadresseerde en die versender se naam en adres daarop—sal veilig aankom.

Swakkerige adreskaarte is geneig om los te raak: spyker, ryg of maak adreskaarte met draad vas aan besendings.

**ADRESSEER EN VERPAK BEHOORLIK**

*—ONS SAL DIE GOED AFLEWER*

—en onthou om u vragbriewe te bewaar.

**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË**

CP2